# Pellissier

## AFKONDIGINGS

PELLISSIER GEMEENTE BEDIEN OMGEE,
AL KOS DIT ONS, SODAT ALMAL
GOD KAN BELEEF OP MANIERE
WAT ONS LAAT GROEI.

# SONDAE IN PELLISSIER

| Sondag 21 Desember 2025 | |
|---|---|
| 09:00<br>Teks<br>Tema | Rikus Hattingh<br>Joh. 1: 1 – 14<br>Die Lig van Liefde |
| 09:00<br>Tema | Peter Howe (Engels - Slegs digitaal)<br>A worthwhile wait |

| KERSDAG 25 Desember 2025 | |
|---|---|
| 07:30 & 09:00<br>Teks<br>Tema | Rikus Hattingh<br>Mat. 1: 18 - 25<br>Die Lig het gekom |

| Sondag 28 Desember 2025 | |
|---|---|
| 09:00 | Rikus Hattingh |
| 09:00 | Peter Howe (Engels – Slegs digitaal) |

| OUJAARSDAG 31 Desember 2025 | |
|---|---|
| Vanaf 18:00 | Rikus Hattingh (Slegs digitaal) |

| Sondag 4 Januarie 2026 | |
|---|---|
| 09:00 | Peter Howe |
| 09:00 | Peter Howe (Engels – Slegs digitaal) |

| Sondag 11 Januarie 2026 | |
|---|---|
| 09:00 | Charles James (DOOP) |
| 09:00 | Peter Howe (Engels – Slegs digitaal) |

# SEISOEN VAN *Dankbaarheid*



Gelowiges het nog altyd geweet dat dankbaarheid nie net in woorde uitgedruk word nie, maar in dade. In die Bybel sien ons dit telkens: waar God voorsien, antwoord sy mense met 'n offer van dank. Van die eerste Israeliete se oesfees tot die eerste Christelike gemeentes se bydraes vir mekaar – dankoffers was nog altyd 'n teken van geloof, vertroue en dankbaarheid.

By Pellissier Gemeente leef ons hierdie ritme voort deur ons **Seisoen van Dankbaarheid**, wat elke jaar van **Oktober tot Desember** plaasvind. Dis 'n besondere tyd waarin ons uit dankbaarheid vir God se sorg en seëninge, **bo en behalwe ons gewone bydraes,** gee. Soos in tye van ouds is dit 'n "oesfees van geloof" omdat ons erken dat alles wat ons het van Hom kom.

Elke rand wat in hierdie tyd gegee word, maak 'n werklike verskil: dit dryf bedienings, dra by tot gemeenskapsprojekte, ondersteun ons jeug- en uitreikbediening en help dat ons kerk 'n ligpunt in Bloemfontein bly. Belangriker nog – dit vorm ons harte. Wanneer ons gee, word ons herinner dat dankbaarheid nie 'n gevoel is wat wag op omstandighede nie, maar 'n keuse is om met oop hande te leef.

Ons nooi jou uit om hierdie jaar weer deel te wees van die Seisoen van Dankbaarheid. Bid daaroor, dink aan die goedheid van God in jou lewe, en gee met 'n blye hart. Laat ons saam getuig met lewens wat sê: **"Alles wat ek het, behoort aan die Here."**

Om by te dra kan jy hier kliek: ngkerkpellissier.co.za/bydrae

Pellissier
Gemeente

# Seisoen *van* Dankbaarheid

Ons dankbaarheidsoffer word vanaf Oktober tot Desember ingesamel.

Hierdie is 'n eenmalige bydrae wat ons bo en behalwe die maandelikse bydrae gee.

Baie dankie vir die bydraes wat tot op hede ontvang is!

Pellissier Gemeente




# GEBEDSBEDIENING

- **Prys die Here!**
- **Met my hele hart wil ek die Here loof in die samekoms van die opregtes, in die gemeente.**

Gebruik asb. ons gemeente app of WhatsApp Ansie by 083 631 3741.

Pellissier Gemeente

Pellissier Gemeente

Tot en met Sondag 11 Januarie 2026 sal daar slegs EEN OGGENDDIENS om 09:00 wees.



# OP KERSDAG SAL DAAR TWEE OGGENDDIENSTE OM 07:30 & 09:00 WEES.

Pellissier Gemeente

---

**Op OUJAARSDAG 31 Desember sal daar 'n digitale erediens vanaf 18:00 beskikbaar wees.**




Pellissier Gemeente





## Kosmandjie-bediening

Baie dankie vir elke skenking, groot of klein wat ons ontvang. Elke skenking wat ons ontvang verseker die volhoubaarheid van hierdie belangrike bediening.

15 gesinne maandeliks gehelp.
Tussen 35 en 40 mense se nood word verlig.

R 116 000 se kos aangekoop in sewe maande (bo-en behalwe al die skenkings wat ons ontvang)






Pellissier
GROEN

**Herwinningstasies**

**OOP**

**2 – 13 Jan. 2026**

**Slegs Maandae & Vrydae**

**08:30 – 15:30**

**ASOOK SONDAE NA DIE EREDIENSTE**




## POSBUS BY DIE KERKKANTOOR

Indien jy graag jou dankoffer koevert of enige ander korrespondensie buite kantoor-ure by die kerkkantoor wil ingee, is jy meer as welkom om dit in die kluis-posbus by die kerkkantoor se ingang te pos.




Pellissier Gemeente

# GRIEFSHARE®



GriefShare is 'n 13- weke program wat ontwikkel is om gelowiges te ondersteun en te bemagtig met vaardighede in hul rouproses. Deelnemers kom een keer 'n week bymekaar. Kostes R350.

**BEGIN 4 FEBRUARIE 2026**

Vir meer inligting kontak Hennie Erasmus by 083 443 7741.

# Pellissier Doop




**Let asb. mooi op na die onderstaande doopdatums vir 2026 & 2027 en wanneer die registrasievorm ingehandig moet word. Vorms is op die gemeente se webblad/app beskikbaar of kliek op die skakel.**

| DOOP SONDAG | INHANDIGING VAN DOOPREGISTRASIEVORM | DOOPKATEGESE |
|---|---|---|
| 1 Maart 2026 | 12 Januarie 2026 | 5 & 12 Februarie 2026 |
| 3 Mei 2026 | 9 Maart 2026 | 9 & 16 April 2026 |
| 5 Julie 2026 | 11 Mei 2026 | 11 & 18 Junie 2026 |
| 6 September 2026 | 13 Julie 2026 | 13 & 20 Augustus 2026 |
| 1 November 2026 | 7 September 2026 | 8 & 15 Oktober 2026 |
| 3 Januarie 2027 | 12 Oktober 2026 | 12 & 19 November 2026 |

https://forms.gle/gTm729VDu5gJWMpM6

**Pellissier** Gemeente

# DOOPVIERING 2026

Ons het dit goedgedink om geleenthede te skep vir persone wat hul doop wil vier. Neem asb kennis dat jy die doopkategese vooraf moet bywoon.

Vul asb die doopvieringsvorm in op die app/webblad of kliek op die onderstaande skakel. Indien jy meer wil weet oor die doopvierings-geleentheid kan jy gerus vir Rikus kontak by 084 620 6000.

| DOOPVIERING | INHANDIGING VAN DOOPVIERINGVORM | DOOPKATEGESE |
|---|---|---|
| 18 Maart 2026 | 12 Januarie 2026 | 5 & 12 Februarie 2026 |
| 27 Mei 2026 | 9 Maart 2026 | 9 & 16 April 2026 |
| 16 September 2026 | 13 Julie 2026 | 13 & 20 Augustus 2026 |
| 18 November 2026 | 7 September 2026 | 8 & 15 Oktober 2026 |

https://forms.gle/Njc92Pra7Jz9RZjn9

**Pellissier** Gemeente

# 2026 KINDER- & JEUGBEDIENING INSKRYWINGSDAG

## 18 JAN. 2026 @ 17:15

Alle ouers moet asb. saam met hulle kinders - vanaf 0 jaar tot graad 11 - hierdie dag bywoon. Die jaar-programme word uitgedeel en belangrike inligting word deurgegee.

Registreer asb. solank elke kind op die skakels

0jr – Gr. 6 https://forms.gle/SpxprQkhJ9ejwqbJ9 Gr. 7 – 11 https://forms.gle/bjTmqKuqPGGT4VP38

Navrae: Francois, Rikus of Nelmari

# 2026 GR.1'S

Trek Sondag, die 18de Januarie 2026, tydens die Gesinsdiens, jou splinternuwe Koers-hemp aan!

Ons wil jou in die gemeente verwelkom!

Vir enige navrae: Rikus - 082 620 6000

**Pellissier** KINDERS









**Belydenis '26 is 'n volledige jaar van voorbereiding wat mentorskap, kamp, toerustingsgeleenthede en oueraande insluit.**

**'n Jong gelowige wat belydenis wil aflê in 2026 skryf in vir 'n belydenisjaar teen 30 Januarie 2026.**

## Wie kan inskryf ?

**Enigeen wat reeds twee volledige jare van ons senior kategese deurloop het wat in graad 7 begin. Dit beteken enige kind in graad 9 of ouer (wat reeds twee volledige jare kategese gehad het) kan daarvoor inskryf.**

**Gaan na https://forms.gle/1ZxdBDd57ZmzHdKa6 en vul daar die vorm in. Ons sal jou kontak om te bevestig dat ons jou aansoek gekry het. E-pos ons by zandra@ngkerkpellissier.co.za met die verwysing: "Belydenis inskrywing" vir enige ander navrae.**

## Kan iemand wat einde 2026 of vroeg in 2027 belydenis wil aflê, later gedurende 2026 nog inskryf daarvoor ?

**Ongelukkig nie. Die belydenisjaar is 'n jaar program waarvoor daar vroegtydig ingeskryf moet word.**




**https://forms.gle/oGGwGL2WwBEZY9yx9**







WAYPOINT-STUDENTEBEDIENING BIED AAN
KOUGOM 2026
"GOODBYE YESTERDAY!"
CHRISTEN STUDENTEKAMP AANGEBIED BY
RETIEF KAMPEERTERREIN
BLOEMFONTEIN
23 - 26
JANUARIE 2026
R990
PER KAMPEERDER
BETREE 'N NUWE LEWE!
Kougom 2026
STUDENTEKAMP
OOP VIR ALLE EERSTEJAAR
EN VOORGRAADSE STUDENTE!
SKRYF AANLYN IN:
KOPANONGMINISTRY.ORG/KOUGOM
KOUGOM IS MET TROTS AANGEBIED DEUR
WAYPOINT
STUDENT MINISTRIES
NG Kerk
Vrystaat



VROUE KAMP
20 - 22 FEBRUARIE
Twintig-ses-en-twintig
Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE
Met ons aanbieder van eKerk
ROEDOLF BOTHA
Besprekings
Marietjie van der Merwe
076 113 9601 | vrouelidmate@gmail.com
Roedolf het 'n Ph.D in Nuwe Testament verwerf by die Universiteit van Nijmegen (Radboud) in Nederland. Sy liefde vir die Here kry gestalte in sy passie vir die plaaslike gemeente, kerk- en geloofslos-mense asook die toerusting van leiers.
vb
VROUEBEDIENING




momentum
consultants & actuaries
VVA
VVA
MOSSA
BUDDIES GOLF DAY
FRIDAY 13 FEBRUARY 2026
HOLE IN ONE
6th Hole
R10 000
GREAT PRIZES TO BE WON
ENTRY FEE
R400 P/P
SWING FOR CHARITY
Bookings Schoemanspark Golf Club 051 101 0619

# ALGEMENE INLIGTING

## Ons voltydse Bedieningspan




**Francois Lamprecht, Charles James, Nelmari Snyman, Rikus Hattingh & Deon Langenhoven**

**Kantoorure: 08:00 - 12:30**
**Tel: 0514224010**
**e-pos: ngk@ngkerkpellissier.co.za**

Bankbesonderhede:
ABSA - Brandwagtak
Tjekrekening: 1570 580 384
Takkode: 334 334

**SNAPSCAN QR-KODE**

**ZAPPER QR-KODE**

**PELLISSIER APP**
Eenvoudige toegang tot Pellissier Gemeente, in jou sak.

Ons wil graag deeglik en effektief met jou kan kommunikeer. Ons gebruik veral ons "Pellissier Gemeente" app daarvoor.

**Kry die volgende daarop:**
- Gebedsversoeke
- Nuutste Leraars gesels
- Afkondigings
- Omgeegroep materiaal
- Al die kategese materiaal
- Die gemeente kalender
- Daaglikse Ritmes van Maandag tot Vrydag
- Enige belangrike nuus vir die groepe en aksies waarin jy belangstel
- Kyk ons erediens uitsending Live op die app
- Erediens tye